Ps. 100: 1, 2.
Ges. 55: 1, 2.
Ges. 180: 5.

# Die Geloof: die Geheime Krag van ons Lewe

Wt 29 Junie '41

Hebr. 11:1-13
12:1-3.

Hebr. 11:1–: Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge
wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons
nie sien nie.

Hd. hfs. word genoem, en tereg ook, die hoofs. oor
die helde v.d. geloof. Trouens, die hele skt v.d. H. brief handel
oor hd. groot saak v.d. geloof in die lewe v.d. mens.
Ons hoef mr net na ons Kategismus te gaan om
te sien dat die geloof een v.d. hoekstene v ons hele
Xtel. kerk se belydenis uitmaak. Dink aan die 2de
vrae wat almal oor die saak handel. Elke Sondag-
môre staan ons hele gemeente op om ons geloof
te betuig in wat ons noem die Ap. G.B. of die
12 Artikels.
En tog bly die hele saak v.d. geloof vir ons 'n
ewige geheimenis, iets wat 'n
onverklaarbare wonder. Hoef mr. net vir 'n
ons nie kan deurgrond nie. te staan te kom voor
oomblik afoor na te dink om sulke
sulke natuurlike vrae: Mr. wat is die geloof nou
eintlik? Waar kom dit vandaan? Wie het
dit gelê in die hart v.d. mens? En wat is sy
uitwerking in die lewe v.d. mens?
Wil eerlik beken dat die geloof in sy diepste wese
vir ons 'n ondeurgrondelike geheimenis bly – ook
onmoontlik om alles saam te vat wat in hd
woorde in Hebr. 11:1 staan – Mr wil tog net v/a
probeer om so 'n klein deeltjie afvan te benader
uit 3 gesigspunte:

I Die Aard v.d. Geloof

II Die Toetse wat God aan ons Geloof stel

III Die Doel waarmee God ons Sy Geloof gee

I Die Aard v.d. Geloof: Die skrywer v. Hebr. gee hier vir
ons 'n def. – omskrywing – v. die geloof – aard daarvan:

Tweeledige omskrywing wat hy hier gee:
① Vaste vertroue op die dinge wat ons hoop
② Bewys v.d. dinge wat ons nie sien nie.
Die hele brief geskrywe vir gods-Jode – vir mense wat vertroud was met die gesk v. Isr. Ook die wyse waarop die defin. gegee is word laat ons dadelik sien: hd. man praat met mense wat reeds baie nagedink het oor die dinge. Alom geen vreemde saak vir hulle nie. Te doen met die ware geloof.
Nogtans bly die def. baie maklike. Sien egter baie duidelik dat die skrywer op 2 dinge nadruk lê:
① Geloof is 'n vaste vertroue op die dinge wat die Kten hoop: Die ware geloof ken geen twyfel, ken geen onsekerheid. Waar daar die minste angs of twyfel of vrees bestaan, kan daar geen geloof wees nie. Alom moet die mens as hy wil glo, hom heeltemal volkome oorgee aan die persoon of saak volgens hy glo – daar mag niks teruggehou word nie.
Mr dd. vertroue moet gegrond wees op sekere dinge wat die Kten hoop. So is daar die hoop wat ons het op die hiernamaals, die hoop op 'n ewige geluksaligheid, die hoop op 'n beter wêreld, die hoop op 'n ryker & voller geestelewe. Dd. hoop moet omgesit word in iets dieper en groter, nl 'n vaste vertroue > dan word dit ware geloof.
Mr. ~~Geloof ook~~:
② Geloof ook 'n bewys v.d. dinge wat ons nie sien: ~~Dit sal~~ Snaaks: waarom dan 'n bewys v.d. dinge wat ons nie sien nie? Geloof op sigself is tog nie 'n bewys nie? Eintlik het: vaste versekering. As sulks is die geloof 'n vaste versekering v.d. dinge wat ons nie sien nie. Selfs die eenvoudigste Kind kan dit verstaan: want ons het tog geen geloof nodig vir die dinge wat ons sien nie!



Dis waar ons te staan kom voor die onsienlike, die onsigbare dinge; die dinge wat ons nie kan dertas en voel nie, ~~dat~~ die dinge waarvoor ons geen bewyse het nie – dan is dit dat ons iets anders nodig het om ons rigting te gee > en dis ons geloof! Dan is dit dat ons soek na 'n versekering, 'n fondament om op te staan – en dit kan die geloof alleen ons gee!
– Dink Isr. aan die skepping v hemel & aarde: Kan nie bewys met wetenskap bewyse dat God die skepper is nie – dis alleen ons geloof wat ons dd. bewys, dd. versekering kan lewer!
– En so ook met al die onsienlike dinge – geen ander bewys as die geloof:
Vaste vertroue – bewys v dinge wat ons nie sien nie!

1) Oorsprong: Hd. geloof het sy diepste oorsprong in God. Sonder God geen geloof moontlik – (ook nie die God v.d. heiden, nl die God wat J.C. ons as sy Vader geopenbaar het). Alle ware geloof wortel in God – & sonder dd. geloof kan die mens nie lewe nie. Want die mens wat geen geloof het nie het geen fondament om op te bou nie, geen sekerhd hoegenaamd nie, lewe bly vir hom 'n onverstaanbare, onverklaarbare raaisel. Ek hoef nr net die vr. te probeer beantw.: Wat sal my lewe gewees het as ek nie geloof gehad het nie! om te besef dat die mens sonder geloof nie kan bestaan nie: dis die geheime krag v sy lewe – die onsigbare Bron v sy bestaan!
En alom as sy geloof swak is > hele lewe swak –

## II Die Toetse wat God aan ons Geloof stel:

Mr. omdat ons Hemelse Vader wil sekermaak of ons geloof vals of opreg is, stuur Hy in elkeen van ons lewes sekere toetse vir ons geloof. Omdat Hy wil sekermaak of ons besig is om ons lewes op sand of op rots te bou stuur hy storms oor ons lewenshuis om te toets vir die dinge wat ons bely. // En die Here kom op versk. maniere na Sy kinders – sommige op die rys, ander op dd. Na elkeen van ons kom Hy op 'n versk. manier, mr. almal van ons moet die toets ~~dinge~~ ondergaan.
So stuur Hy bv.

i) Siekte en dood: ligg. lyding en beproewing om ons uit te toets, om seker te maak of ons geloof in Hom reg of verkeerd is. Hy stuur dit om te kyk in hoeverre ons glo in Sy bestier, in Sy liefde, in Sy genade, in Sy vermoë om ons weer gesond te maak en op te rig. So ook stuur hy soms die dood om te toets of ons glo in Sy versk. dat die dood mr. net die begin is v.d. ware lewe
vader, (broer, suster) moeder (anker), kind (liefling)

ii) Teenspoed en moeilikhede: Of anders stuur die Here teenspoed en moeilikhede oor ons lewes, oor die lewe v ons huisgesinne, oor ons land – rampe en beproe wat Hy toelaat / om te toets hoe sterk ons geloof in Sy beloftes is nl. dat Hy ons altyd sal bystaan dat Hy ons nooit sal verlaat nie, dat Hy altyd vir ons sal sorg. Op hoeveel honderde maniere doen Hy dit nie: teenspoed in krygsdiens of boerdery, teenslag in ons planne & werk, hoop wat Hy verydel > alles om ons geloof te toets en sterker te laat word in ons vertroue op Hom

iii) Versoekinge: Of die Here stuur versoekinge – nie om ons te verlei nie, nie om ons te laat val nie – mr om ons geloof in Hom te versterk, om ons uit te dryf na God. Versoeking bv.



om waarheid te verloën, om deur bedrog & oneerlikheid ons lewe te verseker, versoeking om deur eer en roem en posisie te gryp om ons naam te vereeuwig – al die dinge stuur God om ons geloof te toets: of ons werklik ~~toets~~ die vaste vertroue het dat dit almal dinge is wat verbygaan en of die enigste ware weg is om in Gods paadjie te loop!

iv) Onverskilligheid, koudhd, vyandskap: Al hd dinge om ons te laat inkeer na onsself, terugkeer na O – om onsself af te vra: Waar staan ek in die geloof? Wat het ek wat ek aan ander kan gee? Hoe sal my geloof my deur die dinge heendra? Watter get. is ek besig om aan ander te gee aag. my geloof?

## III Die Doel w/toe God dit gee:

En so kan ons nog aangaan om honderde ander dinge te noem w/deur O ons beproef, uittoets, om te sien waar ons staan: in hoeverre ons ons lewes bou op die sigbare, verbyg dinge en in hoeverre ons dit bou op die onsigbare, ewige geloof in God!

En ons weet God stuur al die dinge nie om ons te straf nie, nie om ons te laat struikel en val nie mr Hy stuur dit om:

① Ons 'n anker te gee in ons lewenstryd:

O wil ons sterk maak in dag v. stryd > soos boom die sterk wind moet kry om hom sterkte in die grond te gee vir die dag v.d. storm > so stuur God al die kruisie hd lewe om ons sterk te maak in die dag v storm en stryd, om ons nie te laat wankel in die dag van teenslae en beproewinge nie!

Mr. bo-al stuur God dit: 6-

③ Om ons voor te berei vir ons waar tuiste – die ewigheid: Daar is dit waar ons geloof beloon sal word, waar dit omgesit sal word in aanskouing, // Daarom stuur God al die dinge oor ons om ons lewes reeds hier voor te berei vir die taak. heerlikheid v.d. Vadershuis waar vir ons al die geheimenisse verklaar sal word, waar ~~ons~~ dit vir ons duidelik sal word hoekom ons hier so hard moes stry en moes veg om die geloof te behou!

Slot: Wil u nie miskien nie: geloof sal altyd 'n stryd bly, ons hele lewe deur. God soek manne & vroue wat kan lewe as helde v.d. geloof ook dan wanneer al ons aardse besittinge weggeneem word, ons dierbares v. ons weggeskeur word, ons vriende ons verlaat ? soos Abraham, Josef, Moses, David en soveel ander helde v.d. geloof.

Mr. Goddank by die stryd, by die sorg in die geloof is daar om vir God te lewe in die wonderlike bemoediging: die versekering, die wonderlike bemoediging:

„Hy wat julle roep is getrou – Hy sal julle nie begeef en nie verlaat nie. Laat julle harte nie ontstel word nie: glo in God, glo ook in My"

Dis dd. geloof wat ons in staat stel om met volle vers. in donkerste dae v. ons lewe te kan sing: Ges 58:7

Amen.